Tafelberg Fotografieklub Nuusbrief

Nuusbrief weergawe: Desember 2009
www.tafklub.co.za
tafklub@gmail.com

Beste TAFfies en alle TAF-vriende,

Hierdie jaar het gekom en gegaan en as ek so oor my skouer loer na wat alles die jaar gebeur het, sien ek 'n 'meriete' foto. Eerstens het ons die jaar afgeskop met 'n pragtige uitstalling, wat opgevolg is met 'n baie interessante program vir jaar. Soos Johan in sy brief sê, soms is ons persepsie en die persepsies van die beoordelaars belyn en ander kere nie, maar ons het dit ook oorleef en ek dink het nogal bygedra tot 'n heerlike gees in die klub. Die klub het 'n paar lede van die vorige jaar verloor; sommige het begin swot, ander het getrek en nog ander het hul belangstelling op ander gebiede verder geneem. Tog het ons klub ook met 37 nuwe lede gegroei en van krag tot krag gegaan. Die temas van die jaar was ook nogal interessant (is dit 'n beter woord vir uitdagend of moeilik?) en ek kan dit nou nog nie verstaan hoekom ek so sukkel om ordentlike foto's vir die tema te neem nie. Wat my altyd opgeval het is die verskeidenheid van benaderings tot die tema. Hierdie verskillende benaderings is wat dit vir my so lekker te maak om deel van die klub te wees, want hier kan jy jou verbeelding en kunssinnigheid regtig uitleef deur 'n stokperdjie; en as ander nie daarvan hou nie dan verskil hul persepsie en smaak maar net van joune.

Esmari says that I am too much into statistics, and that I should rather try getting into 'Gold', but then again stats was one of my main subjects at varsity and yes, I am a sucker for it: Here are some interesting stats for you: We ended the year with 87 members of which 60 entered into the club's monthly competitions. We have had 10 discussion and 10 competition evenings during the year. 881 photos have been entered of which 31 received merit awards; 549 gold; 256 silver; and the bronze club received 42 entries (of which mine was unfortunately also part of). We do not want to talk too much about the one evening (probably the one that Johan Nieman is referring to in his letter) that also brought us 3 no awards.

Verder is die vaste temas nog steeds baie gewild met 492 van die inskrywings. Digitaal is ook koning met 658 inskrywings – seker maar die resessie wat ons almal bygekom het. Ons gemiddelde punt was 21.74 (uit dertig) wat beter is as die vorige jaar se 21.46 vir 897 inskrywings. Dit is nou eers genoeg statistiek vir een jaar. *(Sê Esmari al vir baie lank!!!)*

As ek so kyk wat die nuwe jaar vir ons inhou raak ek baie opgewonde. Ons het 'n lekker vol program wat weer afskop met die opening van ons uitstalling by Sanlam op 19 Januarie en die eerste byeenkoms 'n paar dae later op die 26ste. Die temas wat deur die lede gekies is, belowe om ons baie te laat dink, maar kan tog ook vir ons baie pret verskaf. Ek sal maar my lysie saamneem see toe en kyk of ek met iets kreatiefs vorendag kan kom – wees gewaarsku, dié van julle met die 'naam'-kameras!

Dit is vir my lekker om te lees hoe ons lede die klub ervaar en ek glo dat elkeen iets besonders uit hul lidmaatskap kry, maar ek weet dat elkeen van julle ook 'n waardevolle bydrae maak tot die positiewe ervarings van ander lede. Doen gerus so voort.

Baie geluk aan al die presteerders en pryswenners van die jaar. Dit was vir my 'n besonderse voorreg om betrokke te wees by die oorhandiging van die pryse. Baie dankie ook aan alle lede, vriende, gassprekers, beoordelaars en ook in die besonder aan die bestuurspan vir 'n baie aangename en suksesvolle jaar van die klub en my wense is dat almal 'n baie geseënde Kersfees sal ervaar, 'n wonderlike 2010 sal beleef en veilig terugkom van 'n genotvolle en foto-ryke vakansie.

Nico Ras

Jaarwenners

En so kom ons toe aan die einde van die jaar! Ons jaarwenners is tydens ons eindjaarfunksie by De Kelders, Vredeklooof, aangewys. Johan Kloppers, Wes-Kaap streeksdirekteur vir die PSSA, het die oorhandigings saam met Nico gedoen.

Baie geluk aan die volgende **meriete wenners:**

Nanette Els

Anton Fouché

Celia Fouché

Alicia Greyling

Ian Marais

Nico Ras

Gordon Robertson

Lerene Sadie

Hannelore Seifart

Marius vd Westhuizen

Marelize van Rooyen

Manie Wessels

Esmari Wium

Die volgende mense was ongelukkig nie teenwoordig tydens die oorhandiging nie, maar het ook meriete bekers ontvang:

Anlie Botha, Pieter Coetzer, Monica Muller, Derick Nel.

Nuweling van die jaar

Baie geluk aan al ons nuwelinge met julle uitsonderlike prestasie hierdie jaar. Ons is werklik trots op julle. Die volgende nuwelinge het skoonskip gemaak hierdie jaar:

- 3e plek, Johan Nieman (21,75)
- 2e plek, Heiner Seifart (22,00)
- **1e plek, Hannelore Seifart (22,07)**

Johan Kloppers en Nico het die trofee vir die Nuweling van die Jaar aan Hannelore oorhandig.

Fotograaf van die jaar

Die stryd vir die fotograaf van die jaar was 'n redelike taai een, met die fotograwe in die top 5 wat in mekaar se nekke blaas. Maar oor die wenner was daar geen twyfel nie.

- 3e plek, Anton Fouché (21,92)
- 2e plek, Esmari Wium (22,95)
- **1e plek, Manie Wessels (23,44)**

Johan Kloppers en Nico het die trofee vir die fotograaf van die jaar aan Manie oorhandig.

Foto van die jaar

Die lede het self vir die foto van die jaar gestem. Dit was maar 'n moeilike stemmery met soveel mooi foto's om van te kies. Maar op die ou end was die wenfoto die weghol gunsteling.

3e plek, **Celia Fouché** se **Autumn Beauty**

2e plek, **Esmari Wium** se **Room with a View**

En in die 1e plek, **Hannelore Seifart** se **Stranded, but the fun goes on!**

Johan en Nico het Hannelore se trofee aan haar oorhandig.

Voorsitterstoekenning

Nico Ras het 'n voorsitterstoekenning aan **Esmari Wium** toegeken vir haar besondere bydrae tot die klub.

2010 kompetisie temas

Ons kompetisies vir 2010 is soos volg:

Datum	Tema	Riglyne
9 Feb	Life in Motion/ Lewe in beweging	Hierdie foto moet beweging uitbeeld. Die kyker moet die gevoel kry dat die onderwerp wat afgeneem is aan die beweeg is. Tipies sou daar van 'n stadiger sluiterspoed gebruik gemaak word, maar dit kan ook 'panning' inlsuit, d.w.s. die onderwerp word gevolg en gevries teen 'n bewegende agtergrond. Soms kan 'n uitbeelding beweging vries, maar nie in so 'n mate dat dit lyk of daar vir die foto geposeer is nie. These images should depict movement. It should give the viewer the impression that the subject is moving. This is made possible by making use of a slow shutter speed or panning (subject is frozen/sharp but the background still shows the impression of movement). Images could also include action which has been frozen in time, but it should be done in such a way that it does not give the impression of a posed action.
9 Maart	Makro/ Macro	Tipiese nabyfoto. Die makro effek word verkry deur die kamera op makrofunksie te stel, of van 'close-up' filters of buise gebruik te maak. Dit sluit Landskapfoto's uit. Meer detail van die onderwerp moet uitgebeeld word as wat met die blote oog gesien kan word. This is also known as close ups. The macro effect could be created by using the camera's macro function or making use of close up filters or tubes. Landscapes are not allowed. This type of images should show more detail than what is normally visible with the naked eye.
13 April	RGB	Die drie primêre kleure moet as hooftema uitgebeeld word, nl. rooi, groen en blou. Dit kan of al drie kleure in een foto wees, of slegs een van die drie. Die kleur wat uitgebeeld word moet die hooffokus van die foto wees. The three primary colours, red, green and blue should be the main focus of the image. It could consist of all three colours in one image or just one primary colour per image. The chosen colour should be the main focus of the image.
18 Mei	Refleksies/ Reflections	Die hooffokus van die hierdie foto lê in die weerkaatsing, hetsy in water, glas, metaal of iets dergeliks. Die weerkaatsing moet nie 'n bysaak op die foto wees nie – die kyker moet primêr kan sien dat die foto rondom die weerkaatsing gaan. The main focus in the images should be the reflection. It could be reflections in water, glass, metal or any other substance. The reflection should be the main focus of the image. The viewer should not wonder what the image is about.
22 Junie	Herfs/ Autumn	Hierdie foto moet duidelik herfstonele uitbeeld, dit wil sê die mooi herfskleure wat die verandering van somer na winter uitbeeld. Dit is nie winterfoto's nie, d.w.s. nie sneeu of ryp nie. Dit kan ook landskappe wees. Die kyker moet dadelik die gevoel van herfs as 'n aparte seisoen beleef. The image should depict autumn. It should contain the beautiful autumn colours which depicts the change from summer to autumn. These are not winter images, thus no snow or frost should be present in the image. The viewer should experience the atmosphere of the image as a separate season.

Datum	Tema	Riglyne
20 Julie	Toeskouers/ Spectators	Hierdie foto behoort die aksie van mense as toeskouers uit te beeld. Dit hoef nie net toeskouers by sportgeleenthede te wees nie. Dit kan ook mense wees wat na ‘n vertoning kyk of ‘n konsert bywoon of iets dergeliks. These images should depict the actions of people as spectators. It should not only be spectators at sporting events. It could also be people who are watching a show, etc.
17 Aug	Werk/ Work	Hierdie foto moet wys wat mense doen om hul allmoese te verdien. Vang iemand vas waar hy/sy besig is met werk, hetsy in die kantoor of in die buitelig. Dit is waarskynlik nie ‘n geposeerde foto nie, maar eerder ‘n steelfoto waar iemand besig is om te werk en dalk toevallig opkyk. These images should depict what people do to earn a living. Capture people while they are working. It could be in an office or outdoors. It should preferably not be a posed image but rather a sneak photo where someone is busy working and acting spontaneously.
14 Sep	Liefde/ Love	‘Liefde is in die lug’ – hierdie foto moet spreek van liefde tussen mense, mense en hul troeteldiere of die liefde tussen diere. Die kyker moet dit in die oë van mens of dier kan ervaar. Die foto moet die kyker kan laat verlang na die meisie of kêrel wat hy/sy dalk nog nie ken nie. Love is in the air – these images should depict love between people, people and their pets, or love between animals. The viewer should be able to experience the feeling of love in the eyes of the people or animals. The image should make the viewer long for the girl of guy that he/she has not even met yet.
5 Okt	Landskappe/ Landscapes	Die foto’s kan in die normale landskapformaat (1024 x 768 pixels) of panoramaformaat (tipies 1024 x 431) ingeskryf word. Die hooffokus is die natuur en landskap en nie mense nie, d.w.s. dit is nie ‘n protretfoto van mense met ‘n landskap iewers op die agtergrond nie. Geen menslike elemente mag in die foto ingesluit word nie, bv ’n skuur/windpomp/trekker in ’n plaastoneel, ’n boot/vuurtoring in ’n seetoneel. These images could be in the normal landscape format (1024 x 768 pixels) as well as panoramic format (typical as 1024 x 431 pixels). The main focus is nature and the landscape and not people. No human element is allowed in the photo, e.g. barn, windmill, tractor, boats, lighthouse, etc.
9 Nov	SA Kultuur/ SA Culture	Die gedagte is om enige Suid-Afrikaanse kultuur met ‘n foto uit te beeld. Kultuur is ‘n baie breë konsep, maar die kultuur moet dadelik herkenbaar wees en sluit gewoonlik mense in wat besig om die kultuur te beoefen of uit te beeld. Dit kan waarskynlik dinge soos kunste, kulturele drag, danse, sport, tradisionele geregte, kuier, handwerk, ens. insluit. Wanneer die kyker na die foto kyk, moet die persoon dadelik kan sien dat ons land se kultuur daarin uitgebeeld word – dit moet nie gesoek of verduidelik hoef te word nie. The thought behind this theme is to depict any of the South African cultures in an image. Culture is a very broad concept, but the specific culture should be easily recognisable and contain images of people living their culture. Images could include the art, traditional clothes, dances, sport, and traditional dishes of a specific culture. The viewer should be able to recognise the culture immediately and no explanation of which culture is depicted should be necessary.

Lank lewe Tafelberg Fotografieklub! – Johan Nieman

“Vanaand het ons die rekord aantal van 213 inskrywings in die vaste kategorie van ‘Knyp die Kat in die Donker ” begin die Voorsitter. “Dit lyk my julle is meesters op dié gebied? Julle ken al ons beminde beoordelaar, Sausage Dog, en vanaand gaan hy beslis weer die Meesters van die 1 Sterretjies skei” bulder hy voort.

Ek begin ongemaklik op die sagte stoel rondsit. My maag draai. Vanaand is ek beslis brons. Sausage Dog is dan juis daarvoor bekend dat hy almal looi. Ek hoor hom al sy oordeel oor my briljante foto uitspreek: “Uitstekende foto, maar daar is geen kat in jou foto nie, ek gee jou 13!” Aaaahg- #$% man, kook dit dan hier binne my! Maar skielik skop my emosie-reguleerder in; persepsie jou aap, persepsie! Ontspan!

Klink dit nie bekend nie? Eenkeer elke maand is dit ons almal se voorland. Maar blykbaar pla dit ons nie, want ons is elke keer maar weer daar met ons pragtige en uitstekende fotos. Nou hoekom kom ons elke keer maar weer terug om bloedneus geslaan te word? Die antwoord my mede klublede lê vir my daarin dat ons volwasse is. Ons het deur ondervinding, en in hierdie geval spesifiek die ervaring van inskrywings vir fotokompetisies, ‘n klomp dinge wys geword.

1. Nommer 1 is dat ons geleer het dat geen 2 mense dieselfde is nie. Ook nie in sienings nie. Persepsies verskil en hoekom?
   - Agtergrond en opvoeding tydens ons grootword jare.
   - Beroep
   - Belangstellings en tydverdrywe - die feit dat Sausage Dog ‘n katliefhebber is en ook by katskoue beoordeel, gaan hy enige foto, al is dit nou ook wat, vanuit sy verwysingsraamwerk van katte beoordeel.
   - Aanpasbaarheid by veranderde omstandighede en omgewing.

2. Die 2e punt is dat ons by die klub geleer het dat bogenoemde persepsies net die aand van die beoordeling geld. Een maand is ons bronsies en die volgende maand steek ons ons bors uit want alles is dan goud die aand! Ons weet dan dat ons ook kwaliteit fotos kan neem. Ons persepsies en die beoordelaar s’n oor die onderwerp stem dan 100% ooreen soos in die foto regs (fotograaf onbekend): Daar is ‘n kat in die foto en het iemand anders nie miskien die meerkat in die donker geknyp nie?

3. Ons het geleer om te aanvaar dat swak punte nie van ons slegter fotograwe maak nie. Inteendeel ons het beter geraak, want ons is volwasse genoeg om te kan leer en terugvoering as ‘n geleentheid te kan sien.

Opsommend; Tafelberg Fotografieklub sal nog jare kan bestaan met die lede wat hy het. Ons is vasbyters, ons lag saam, somtyds in die mou, vir die beoordelaar se persepsie wat dan met ons s’n verskil en ons beur mekaar op waar dit nodig is.

My persepsie van julle: Julle is great en cool, soos my kinders sal sê. Julle waardeer elke oomblik bymekaar, julle geniet julle fotografie en moedig mekaar aan. Julle loop met julle se voete op die grond en nie met julle se koppe in die lug nie. En dit pla niemand oor watse kamera ‘n ander lid het nie.

Ek is trots op my klub en dis ‘n voorreg om deel van Tafelberg Fotografie Klub te kan wees.

Doen so voort!!!

Lank lewe Tafelberg Fotografieklub! – Ander lede

Ons het so deur die jaar vir van ons lede gevra wat presies hulle elke byeenkoms teruglok na ons klub. Hier is van die antwoorde:

"Van die klub begin het, was ek daar en glo my, daar was nie een aand wat ek dit nie geniet het nie. Die fotografie kalender is pal op my yskas se deur, "reminders" op die werk se kalender en op my selfoon en waar daar ander mense is wat FRIENDS of DESPERATE HOUSEWIVES kyk sonder steurnisse, so voel ek oor my Dinsdagaande by die Fotografieklub. En wanneer ek wel, weens omstandighede, nie 'n byeenkoms kan bywoon nie, is daar 'n groot verlange en leemte in my binneste!

Hoekom is dit vir my lekker? Hoor gou hier. Ek het 'n T-shirt en daarop staan "Wat is beter as 'n braai" en agterop staan daar "nog 'n braai". Ek sal graag 'n hemp wil ontwerp met die volgende op: "Wat is beter as 'n fotobyeenkoms...en agterop **nog 'n fotobyeenkoms by Tafklub**. Kan julle my passie vir fotografie hier sien en ervaar???

Deur die geboortepyne en die groeifase van die klub, het ek gesien hoe fotograwe ontwikkel en kan gesels en deel oor hulle fotos en natuurlik die beste van alles, was om so baie nuwe lede te ontmoet, ander fotograwe daarbuite te leer ken, beoordelaars en geleenthede, om te gaan na plekke en fotos te neem en EISH daardie uitstappie op Tafelberg verlede jaar sal ek sekerlik nog lank onthou (met of sonder Alzheimer).

Wanneer ek instap by die deur, dan "relax" ek sommer heeltemal, want dit is darem so lekker om na al die mooi foto's van ons lede te kyk en te deel in dieselfde passie - FOTOGRAFIE!

Van 'n groot TAFFIE ondersteuner !!!!" - Alicia Greyling

"Die enigste rede waarom ek nog by Tafklub is, is om te sien hoe mense brons toekennings verwerf. Dit verskaf vir my ure se plesier ..... :) Ek leer ook so baie, want dan kan ek sien dat ek nie regtig so ver agter is nie en dat dat ander lede ook maar sukkel. Om Salon-toekennings te kry spoor my nog nie aan nie, want ek moet te veel inhaal om net by die bronswenners te kom ..... :(

Iets wat my ook nogal dryf is om agter te kom hoe ek die 'judge' moet beduiwel om vir my ook 'n goeie punt te gee sodat ek nie so baie druipstert moet huistoe gaan nie. Ek doen die besigheid omtrent soos hoe ek destyds op skool ge'spot' het .... My kamera wil nie 'spot' meter nie en dus mis ek die 'judge' se voorkeure telkens. Nog 'n aansporing vir my is om daai koekies en koffie te geniet tydens 'breaks'.

Dan sukkel ek ook om nie gemotiveerd te raak deur die volgende tema nie. Dis gewoonlik vir my 'n kopseer om iets af te neem wat binne die tema val. Ek voel soms om net 'n klip af te neem en die titel "padda agter 'n klip" te gee, want niemand kan mos beweer daar is nie 'n padda agter die klip nie. Die gassprekers gee ook uitstekende raad, veral hoe om jou nek te probeer breek met 'n scate board of hoe om 'n kaal meisie te verlei om vir jou te pose!!! So daar is baie redes waarom ek dit geniet by Tafklub!! Ek het darem ook baie geleer tussen alles deur en sou ek beslis baie dommer gewees het met daai knoppiedrukvergrootglasenbaiefeaturessonderfilmmasjien."

Ian Marais
(Ian het ingestem om die leisels as die bronsklub se voorsitter oor te neem...)

"Al is ek nie altyd aktief betrokke by die klub (deur gereeld foto's in te gee) nie, wil ek net sê dat dit wonderlik is om deel te wees van die klub. Die uitstappies, die vriende, al die dinge wat ons leer en mense wat ons ontmoet, maak dit so spesiaal. Johan geniet dit vreeslik en dit is ook vir ons belangrik dat ons as gesin kan deelneem aan die klub se aktiwiteite.
Baie dankbaar!"

Chrisna & Johan du Toit

"Tafklub is 'n lekker plek om mense te ontmoet met dieselfde belangstelling, leer my baie!"

Lerene Sadie

"Ek is nog nie lank by die klub nie, maar ek sien uit na Dinsdagaande se bymekaarkom. Ek leer vreeslik baie. Dit het omtrent moed gekos om daardie eerste inskrywings in te skryf, maar ek is so bly ek het dit gedoen en kan dit vir enigeen aanbeveel wat nog nie sover gekom het nie."

Amanda du Toit

"Ek is nuut in die klub, maar ek moet sê ek geniet die mense by die klub, almal is informeel, hulpvaardig en sommer net great. Ek geniet die humor baie! (veral die Bronsklub) Ek leer baie by die kompetisies, die terugvoering van die beoordelaars en ook die inligting sessies wat gehou word. Daar is niks wat ek vir nou sal wou anders moet wees nie."

Nilo Kriek

Useful websites

With the holidays coming up, you might find yourself with some spare time. Here's a few websites with tips on how to shoot motion pictures, ideally for our first competition, Life in Motion. Enjoy the reading!

http://digital-photography-school.com/a-beginners-to-capturing-motion-in-your-photography

http://www.dphotojournal.com/photography-tips-photos-that-capture-moving-objects-motion/

http://photojojo.com/content/tips/motion-photography-tips/

http://www.ehow.com/video_5538703_stop-motion-photography-slr-camera.html

Kersboodskap

Die TAF bestuur wil elke lid en sy/haar gesin 'n geseënde Kersgety toewens. Mag julle die werklike boodskap van Kersfees ervaar.

Christmas day is a day of joy and charity. May you be very rich in both and in more ways than one.

En mag julle goed uitrus, veilig reis, en vol inspirasie en motivering terugkom klub toe in 2010.

Ons sien julle weer in 2010! Wees gegroet!

TAF Bestuur